GRONDWET van die

Bosvarkunie

1 NAAM

Die naam van die unie is: Bosvarkunie ("die Unie").

2 DOELSTELLINGS

2.1 Om die maksimum getal oudleerders van die Hoër Jongenskool Worcester, Hoër Meisieskool Worcester, Hoërskool Worcester, Hoër Handelskool Worcester, Hoërskool Worcester-Oos asook Worcester Gimnasium by die unie, met voortdurende bestaansreg, te betrek en daarin te verenig ten einde die naam en faam van ons Alma Mater te bevorder en sy belange op ons harte te dra.

2.2 Om oud-onderwysers van die ses genoemde skole, lewensmaats en ouers van oudleerders, onderwysers, ouers en vriende van die skool by die unie, met voortdurende bestaansreg, te betrek en daarin te verenig ten einde die naam en faam van Worcester Gimnasium te bevorder en sy belange op ons harte te dra.

2.3 Om 'n Bosvark-gemeenskap te vestig en uit te brei. Bosvark-gemeenskap sal almal insluit soos genoem in 2.1 en 2.2.

2.4 Om die Bosvarktrust in sy ondernemings te ondersteun.

2.4.1 Fondse en bates te voorsien aan die skool. Die naam van die skool is: Worcester Gimnasium ("WG").

2.4.2 Die voorsiening van geboue of toerusting vir gebruik deur die skool (WG).

2.4.3 Programme wat die behoeftes in die onderrigvoorsiening, onderrig, opleiding, kurrikulum-ondersteuning, beheer, algemene skoolontwikkeling en veiligheid en sekuriteit by die skool (WG en in 'n mindere mate Hugo Naudé Kunssentrum) aanspreek.

2.4.4 Die voorsiening van studiebeurse, toekennings en lenings vir studie en onderrig aan onderwysers en leerders, onderhewig aan daardie voorwaardes wat die Minister van Finansies by regulasie mag voorskryf.

2.5 Om die Bosvarktrust behulpsaam te wees met fondsinsamelingsprojekte.

2.6 Om jaarliks pryse aan die skool beskikbaar te stel vir oorhandiging tydens die prysuitdeling. Elke prys aan WG sal gekoppel wees aan 'n gemeenskaplike waarde of beginsel wat elke Unie-lid na aan die hart is. Die sertifikaat of trofee sal ook vergesel word van 'n geldprys of beurs. Die sitaat sal voorgelees word.

2.7 Om die waardes, tradisies en kultuurgoedere van al bogenoemde skole te beskerm, te bevorder en te implementeer tot voordeel van Worcester Gimnasium, sy personeel, sy leerlinge, alle oudskoliere en pro-Bosvark groep.

3 LIDMAATSKAP

3.1 Gewone Lede

3.1.1 Oudleerders: ‘n Persoon wat minstens een jaar ‘n ingeskrewe leerder aan een of meer van genoemde hoërskole was, sal, na betaling van ledegeld, die status van ‘n gewone lid mag geniet.

3.1.2 WG-onderwysers, oud-onderwysers, WG-ouers, vriende van die skool asook lewensmaats en ouers van oudleerders, sal, na betaling van ledegeld, die status van ‘n gewone lid mag geniet.

3.2 Ere-lede

3.2.1 Lewenslange ere-lidmaatskap van die Unie kan, na benoeming van die bestuur, en goedkeuring deur die Algemene Jaarvergadering, jaarliks aan hoogstens drie persone toegewys word. Die genoemde status word aan persone toegeken wat diens van ‘n besondere aard aan enige komponent van die skoolfamilie gelewer het. Ere-lede geniet al die regte en voorregte van gewone lede.

3.2.2 Skoolhoofde: Alle oudskoolhoofde, van al ses genoemde hoërskole, word by aftrede (met pensioen) outomaties lewenslange gewone lede.

3.3 Ex Officio-lede

Dienende skoolhoof: die skoolhoof geniet ex officio-status as ere-president van die Unie.

3.4 Pro-Bosvark Groep

Die WG-onderwysers, oud-onderwysers, WG-ouers, vriende van die skool asook lewensmaats en ouers van oudleerders word binne die unie en Bosvark Trust MemberZone na verwys as die Pro-Bosvark Groep (“PBG”).

3.5 Ledegeld

Soos deur die bestuur van tyd tot tyd bepaal.

3.6 Verbeuring van lidmaatskap

Die bestuur mag ‘n lid se naam sonder terugbetaling van ledegeld van die ledelys skrap op grond van gedrag of optrede wat die goeie naam van die unie of die skool in gedrang bring. ‘n Lid sou ook skriftelik kan bedank.

4 ORGANISASIE EN AKTIWITEITE

4.1 Die Algemene Jaarvergadering (“die AJV”)

4.1.1 Kennisgewing van die AJV sal dertig dae voor die bepaalde datum via e-pos, facebook, MemberZone aankondiging en briewe (vir die wat nie via eersgenoemde bereik kan word nie) aan lede gegee word. ‘n Voorlopige agenda vir die vergadering sal die kennisgewing vergesel. Kennisgewing sal geskied binne 8 (agt) maande na afsluiting van die boekjaar (**01 Oktober tot 30 September**).

4.1.2 Die aktiwiteite van die AJV omvat o.a. die verkiesing van bestuurslede, die voorlegging van verslae en state van die president, die voorsitter, die skoolhoof en die tesourier, grondwetwysigings (indien enige) en die goedkeuring van lewenslange ere-lede. Die finale agenda plus enige voorstelle en/of moontlike wysigings aan die grondwet word veertien dae voor die AJV deurgegee aan die lede vir oorweging. Geen verandering aan die agenda, enige voorstelle en/of moontlike wysigings aan die grondwet word ná die veertien dae toegelaat nie (ook nie op die AJV self nie).

4.1.3 Toelating tot die AJV sal slegs verleen word aan stemgeregtigde lede en gaste formeel uitgenooi deur die Unie-bestuur om teenwoordig te wees, welke gaste sal nie stemgeregtig wees nie en moet tydens die stemming die saal verlaat tot na afloop van sodanige stemming.

4.1.4 Stemreg: Slegs opbetaalde lede, Ere-lede en Ex Officio-lede van die Unie is geregtig om te stem op die AJV, met inagneming van die bepalings in 4.1.8 hieronder

4.1.5 Kworum: Een-en-twintig stemgeregtigde lede sal ‘n kworum vorm.

4.1.6 Stemprosedure: Stemming geskied met die opsteek van hande. As die vergadering egter so besluit, kan geslote stembriefies gebruik word.

4.1.7 Geen beslissende stem nie (een persoon ‘per saak’ mag motiveer waarom en stemming herhaal met geslote stembriefies).

4.1.8 Volmag-stemme. Elke stemgeregtigde lid teenwoordig by die AJV mag twee volmag-stemme uitbring, met dien verstande dat die volmag-gewer ‘n stemgeregtigde lid is en dat die voorgeskrewe volmag-vorm korrek en volledig voltooi is deur die volmag-gewer en dat sodanige volmag-vorm die Unie-kantoor nie later as 24 uur voor die aanvang van die AJV waarvoor die Volmag verleen is, bereik nie.

4.1.9 Die indiening van mosies mag sleg geskied en tot stemming geplaas word indien die Unie-bestuur die mosie nie later as veertien (14) dae voor die aanvang van die AJV ontvang, met dien verstande dat indien ‘n mosie nie aan die tydsbepaling voldoen nie, die Unie-bestuur na oorlegpleging die indieningsvereistes mag kwytskeld.

4.1.10 Verkiesing van ampsdraers:

Die nasionale bestuur bestaan uit die volgende (verkies uit stemgeregtigde lede):

4.1.10.1 President
4.1.10.2 Voorsitter
4.1.10.3 Ondervoorsitter
4.1.10.4 Tesourier
4.1.10.5 Maksimum van agt (8) addisionele lede deur die verkose bestuur benoem
4.1.10.6 Skoolhoof, Ex Officio WG
4.1.10.7 Skakelbeampte van Trust en Unie (dien outomaties op bestuur as sekretaris / sekretaresse)

WG-onderwysers, oud-onderwysers, WG-ouers, vriende van die skool, lewensmaats en ouers van oudleerders en die Bosvarktrust moet verkieslik verteenwoordig word op die bestuur.

4.1.11. Bepalings insake ampsdraers:

Die president, voorsitter, ondervoorsitter en tesourier word by die AJV verkies, en hulle het die reg om, saam met die skakelbeampte, hoogstens 8 (agt) addisionele bestuurslede te koöpteer. Al hierdie bestuurslede, die Voorsitter uitgesluit, se ampstermyn is onbeperk solank hulle jaarliks beskikbaar is en verkies of gekoöpteer word.

Die verkose ampsdraers word verkies vir ‘n termyn van twee jaar. Die voorsitter mag vir ‘n maksimum van 4 jaar dien. Die uittredende voorsitter moet minstens een jaar na sy uittrede deur die verkose komitee koopteer word as een van die agt (8) addisionele lede.

4.2 <u>DIE BESTUUR VAN DIE UNIE</u>

4.2.1 Prosedurebepalings:

4.2.1.1 Daar moet minstens een bestuursvergadering elke kwartaal plaasvind. Datum, tyd en plek van die volgende vergadering word met die voorafgaande vergadering bepaal. Die agenda moet sewe dae voor vergadering uitgestuur word.

4.2.1.2 Vyftig persent (50%) van bestuurslede plus een vorm ‘n kworum.

4.2.1.3 Enige bestuurslid wat sonder kennisgewing afwesig is van twee agtereenvolgende vergaderings, verbeur outomaties sy pos as bestuurslid. Die rede vir afwesigheid moet egter vir die bestuur aanvaarbaar wees. Indien nie aanvaarbaar nie, mag ‘n nuwe lid in sy plek gekoöpteer word.

4.2.1.4 Ledegeld: Die bestuur bepaal van tyd tot tyd die ledegeld van die Unie.

4.2.1.5 Aankondiginge en nuusbriewe gaan uit via Bosvark.AlumNet.Memberzone.

4.2.1.6 Streekvoorsitters of hul afgevaardigdes mag bestuursvergaderings bywoon, maar het nie stemreg nie.

4.2.2 Die Dagbestuur:

4.2.2.1 Samestelling: Die dagbestuur bestaan uit die president, voorsitter, ondervoorsitter, tesourier en skakelbeampte. Enige vier vorm ‘n kworum.

4.2.2.2 Funksie en Magte: Die dagbestuur het die mag om besluite te neem en op te tree rakende spoedeisende sake van die Unie. Sy besluite en handelinge moet egter by die eersvolgende bestuursvergadering bekragtig word.

4.2.3 Streke:

4.2.3.1 Ten einde aan die doelstellings van die Unie, soos in artikel 2 hierbo omskryf, te voldoen, sal ‘n netwerk van streke plaaslik en in die buiteland tot stand gebring word. Die streke sal binne die etos van die moeder-unie bedryf word.

4.2.3.2 Streke verkies hulle eie bestuur, met die Unie se president oorkoepelend, en bedryf hulle eie geldsake.

4.2.3.3 Streekkomitees moet jaarliks by die algemene jaarvergadering verslag doen oor die streek se aktiwiteite, ledegroei en geldsake.

4.2.3.4 Die sentrale bestuur sal van tyd tot tyd projekte in belang van die Unie of die skool aan streke toeken. Enige projekte wat die streke op eie inisiatief van stapel wil stuur, is onderhewig aan goedkeuring deur die sentrale bestuur.

5 KLEURE

5.1 Die amptelike kleure van die Unie is donkerblou, ligblou, wit, rooi en groen. Sien bylae B.

5.2 Die amptelike kleurbaadjie is donkerblou met ‘n Unie-sakwapen.

5.3 Die amptelike das is donkerblou met gedrewe Unie-wapen.

5.4 Slegs lede van die Unie mag kledingstukke of andersins, dra of ten toon stel met die Unie-wapen daarop.

6 FINANSIES

6.1 Die Unie is by magte om, met voldoening aan alle wetlike voorskrifte, rekeninge te bedryf, beleggings te maak, oortrokke fasiliteite te reël, lenings aan te gaan of ander handelinge uit te voer ten einde te verseker dat die Unie in ‘n gesonde finansiële posisie verkeer.

6.2 Geouditeerde finansiële state van die Unie sal jaarliks vir goedkeuring aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê word.

6.3 Die aanstelling van die ouditeure moet jaarliks by die algemene jaarvergadering plaasvind.

7 WYSIGING VAN DIE GRONDWET

7.1 Die grondwet kan alleenlik op ‘n Algemene Jaarvergadering gewysig word.

7.1.1 Twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat teenwoordig is, moet die wysiging goedkeur.

7.1.2 Kennisgewing van ‘n beoogde wysiging moet lede minstens veertien dae voor die vergadering bereik (verwys na punt 4.1.2).

8 ONTBINDING

8.1 Indien enige streek sou ontbind, sal die bestuur van die Unie die besluit bekragtig. Enige bates wat op daardie stadium in die streek gesetel is, sal aan die sentrale bestuur van die Unie oorgedra word.

8.2 In die geval dat dit vir die Unie nodig word om te ontbind, sal ‘n Spesiale Algemene Jaarvergadering belê word om só ‘n stap te bekragtig. Twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat teenwoordig is, moet die ontbinding goedkeur.

8.3 Enige besluit by so ‘n Spesiale Algemene Jaarvergadering sal bindend wees op die streke en enige bates wat in die streke gesetel is, sal deel vorm van enige besluit om verdeling van bates.

8.4 By ontbinding van die Unie sal die bates van die Unie verdeel word aan die volgende instansies, onderworpe daaraan dat daar aan die vereistes soos bepaal in artikel 30(3)(b)(iii) van die Inkomstebelastingwet nr 58 van 1962 voldoen word:

8.4.1 Enige ander liggaam, insluitende ‘n trust of maatskappy, met soortgelyke doelstellings wat ten bate van Worcester Gimnasium gestig is;

8.4.2 Worcester Gimnasium;

8.4.3 By gebrek aan enige van die instansies in klousule 8.4.1 tot 8.4.2 genoem, enige ander liggaam, insluitende ‘n trust of maatskappy, wat dieselfde doelstellings ten bate van enige ander skool of skole nastreef, of enige ander skool soos omskryf in die SA Skolewet.

8.5 Die Spesiale Algemene Jaarvergadering het die bevoegdheid om te besluit oor die verhouding waarin bates verdeel sal word ingevolge klousule 8.4, hierbo.

Wapen van die Bosvarkunie is aangeheg. Slagspreuk (in Engels) is: “**BOSVARK in UNION**”.

Geteken te _____ op hierdie _____ **dag van** _____ 20___

President: ..... ID .....

Voorsitter: ..... ID .....

Ondervoorsitter..... ID .....

Tesourier: ..... ID .....

Skakelbeampte:..... ID .....